higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIENRIGLYN

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

INLEIDING TOT POLISIËRINGSPRAKTYKE
NKR VLAK 2

XX Februarie 2020

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 8 bladsye.

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 B
1.2 C
1.3 A
1.4 D
1.5 A

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 2

2.1 Adjudant-offisier
2.2 Seeman
2.3 Polisiehoof
2.4 Eerste onderoffisier
2.5 Luitenant-kolonel

(5 × 1) **[5]**

VRAAG 3

3.1 Waar
3.2 Waar
3.3 Waar
3.4 Onwaar
3.5 Waar
3.6 Onwaar
3.7 Onwaar
3.8 Waar
3.9 Waar
3.10 Onwaar

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

4.1 H
4.2 A
4.3 C
4.4 G
4.5 B

(5 × 1) (5)
[25]

TOTAAL AFDELING A 25

AFDELING B

VRAAG 5

5.1
- Ondersoek na en voorkoming van misdaad.
- Ontwikkeling van gemeenskapspolisiëringsdiens.
- Handhawing van openbare orde.
- Voorsiening van alle ander polisiëringsdienste.
- Vestiging en instandhouding van polisiekantore.
- Misdaadreaksie-eenhede.
- Patrolliedienste.
- Beskermingsdienste.
- Verplasings van lede binne die provinsie.
- Bevordering van lede tot by die rang van luitenant-kolonel.
- Handhawing van dissipline van lede.
- Werwing van lede. (Enige 5 × 1) (5)

5.2
- Om die voorsiening van dienste op 'n volhoubare manier te verseker.
- Om 'n veilige en gesonde omgewing te bevorder.
- Om padveiligheiddissipline te bevorder.
- Om die gladde en effektiewe vloei van verkeer te verseker.
- Om in gesamentlike padveiligheidsoperasies met alle rolspelers saam te werk.
- Om aktiwiteite met betrekking tot oorlading te beheer.
- Om spoedmeting te beheer.
- Om abnormale vragte te vergesel.
- Om kontrolepunte langs die pad op te stel waar voertuie vir padwaardigheid geïnspekteer word en bestuurders vir byvoorbeeld dronkenskap en moegheid getoets word. (Enige 5 × 1) (5)

5.3
- Die beweging van mense.
- Met wie mense verhoudings kon hê.
- Waar mense kon woon.
- Waar mense kon werk. (Enige 4 × 1) (4)

5.4
- Die gewapende en berede polisie aan die grens.
- Die Kaapse Berede Skutters.
- Die Natalse Berede Polisie.
- Die Zuid-Afrikaansche Republiek Politie.
- Oranje-Vrijstaat Republikeinsche Politie (Enige 2 × 1) (2)

5.5
- Weerspieël die doelwitte en planne van die organisasie.
- Weerspieël die gesag wat bestuurders tot hul beskikking sal hê.
- Dui die omgewing aan waarin die organisasie sal funksioneer.
- Dui die mense of werknemers aan.
- Arbeidsverdeling. (Enige 3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

5.6
- Versper vir die vry vloei van inligting.
- Staties en onbuigsaam.
- Kan nie veranderende grense en/of omgewings hanteer nie, byvoorbeeld snelle vooruitgang in tegnologie. (3 × 1) (3)

5.7
- Bestuur van mensehulpbronne.
- Bestuur van menslike benutting
- Bestuur van finansies.
- Aanbodkettingbestuur.
- Bestuur van inligtingstegnologie. (3 × 1) (3)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C

VRAAG 6

6.1
- Militêr georiënteerd en radikaal verskillend van die polisiediens wat Brittanje sy burgers in hul eie land gebied het.
- Is gebruik as 'n doeltreffende werktuig om Britse heerskappy in Suid-Afrika te vestig.
- 'n Element van onderdrukking van inheemse mense was teenwoordig.
- Inheemse mense is beskou as tweedeklasburgers wat nie dieselfde behandeling as wit mense ontvang het nie.
- Die Britte het ook nie-Britte in die binneland as minderwaardig beskou.
- Die polisie is dikwels gebruik om mense te onderdruk wat as vyande van die staat beskou is. (Enige 3 × 1) (3)

6.2 SAPD Temba implementeer nie die volgende nie:
- Die Polisie moes eers met die skare gepraat het.
- Indien geen ooreenkoms bereik kon word nie, moes die polisie die skare gewaarsku het om binne 'n sekere tyd uiteen te gaan.
- Indien die skare nie binne die gegewe tyd sou uiteengaan nie, moet minimum geweld gebruik word om die skare uiteen te jaag. (3 × 1) (3)

Kopiereg voorbehou

6.3 **PRIMÊRE MISDAADVOORKOMING:**

- Identifisering van fisieke en maatskaplike toestande wat geleenthede vir misdaadvoorvalle bied. Die hoofoogmerk is die uitskakeling van geleenthede om misdaad te pleeg.✓
- Voorbeelde:
  - Omgewingsontwerp.
  - Buurtwag.
  - Maatskaplike misdaadvoorkoming. ✓

SEKONDÊRE MISDAADVOORKOMING:

- Aandag word aan vroeë tekens van misdaad gegee. Die identifisering van potensiële oortreders, mense wat in die toekoms oortredings kan begaan. Identifiseer ook potensiële situasies wat dit makliker maak om misdaad te pleeg. Probeer om die misdaad te stop voordat dit gepleeg word.✓
- Voorbeelde:
  - Situasionele of omstandigheidsmisdaadvoorkoming
  - Gemeenskapspolisiëring.
  - Middelmisbruik en skole.✓

TERSIÊRE MISDAADVOORKOMING:

- Daar moet teen die werklike oortreders opgetree word. Hulle moenie in staat wees om verdere oortredings te begaan nie.✓
- Voorbeelde:
  - Inhegtenisneming.
  - Vervolging in die howe.
  - Gevangenskap
  - Behandeling.
  - Rehabilitasie. ✓ (3 × 3) (9)

6.4
- Onderhoudvoering:✓ gesprek tussen mense met die spesifieke doel om inligting te bekom. Gesprek van aangesig tot aangesig met iemand behalwe die verdagte.✓
- Interrogasie:✓ Ondervraging van 'n verdagte om inligting te bekom. Dit is 'n prosedure om by die waarheid uit te kom.✓
- Uitpersing:✓ Inbreukmaking op 'n individu se regte. Byvoorbeeld Om mense te dwing om areas van hul geheue of persoonlikheid te ontbloot wat hulle as privaat beskou. Hierdie metode word verbied.✓ (3 × 2) (6)

6.5
- Wielondersoek
- Spiraalondersoek.
- Strookondersoek.
- Roosterondersoek.
- Sone- of sektorondersoek. (Enige 2 × 1) (2)

6.6
- Is 'n misdaad gepleeg? Byvoorbeeld Ja.
- Indien 'n misdaad gepleeg is, watter tipe misdaad is dit? Byvoorbeeld moord.
- Uit watter rigting en op watter manier het die oortreder die misdaadtoneel genader? Byvoorbeeld by die deur ingekom.
- Uit watter rigting en op watter manier het die oortreder die misdaadtoneel verlaat? Byvoorbeeld by die deur uitgegaan.
- Is die misdaadtoneel beskerm totdat die speurder op die toneel aangekom het? Ja, byvoorbeeld die deur was gesluit. (Enige 2 × 1) (2)

6.7
- Om misdaad te voorkom.
- Om misdaadondersoeke te doen.
- Om getuienis voor te berei vir wetstoepassingsdoeleindes en die vervolging van oortreders. (3 × 1) (3)

6.8
- Rus en slaap.
- Voeding of dieet.
- Oefening.
- Streshantering. (Enige 2 × 1) (2)

[30]

TOTAAL AFDELING C 30

AFDELING D

VRAAG 7

7
- **Daktiloskopie of die neem van genetiese vingerafdrukke:**✓ die gebruik van daktiloskopieafdrukke of vingerafdrukke kan tot onweerlegbare identifisering en individualisering lei.✓
- **Ballistiek:**✓ wanneer 'n vuurwapen tydens die pleging van 'n misdaad gebruik is. Gedefinieer as die wetenskaplike studie van vuurwapens, insluitend meganika, koeëls, koeëlvlugbaan en -beweging.✓
- **Betwiste dokumente:**✓ twee stappe word gevolg: vasstelling van die betwiste aard van die dokument(e)✓ en individualisering van die dokument(e). Voorbeeld: handskrif✓
- **Bestudering van hare:**✓ hare val dikwels uit wanneer 'n misdaad gepleeg word. Die hare kan bestudeer en met 'n individu verbind word.✓
- **Voetspore, afdrukke en gereedskapmerke – afdrukidentifisering:**✓ enige afdrukke wat op die misdaadtoneel gelaat word, moet versamel word. 'n Studie daarvan kan dit met 'n individu verbind.✓
- **Kliniese ondersoeke:**✓ dit is die ondersoek van die slagoffer se liggaam om getuienis te bekom en die beserings of wonde te identifiseer.✓
- **Identifisering van liggame:**✓ onbekende liggame moet geïdentifiseer word en verskillende metodes kan gebruik word. (Byvoorbeeld visuele identifisering en kleredrag)
- **Ondersoek van lyke:** die ondersoek kan die oorsaak van dood bepaal.✓
- **Forensiese entomologie:** die ondersoek kan die tyd van dood bepaal.✓
- **Toksikologiese ondersoek:**✓ die ondersoek kan bepaal of gif 'n rol in die dood van 'n persoon gespeel het.✓
- **Serologiese ondersoek:**✓ is die bestudering van byvoorbeeld bloed, semen en uriene. Dit kan met 'n individu verbind word.✓ (20 × 1) **[20]**

VRAAG 8

8.1
- Waarneming:✓ Tydens die uitvoering van hul pligte kan enigiets wat polisiebeamptes hoor, sien of ruik waardevol wees. Die polisie moet luister na wat alle mense op enige plek sê.✓
- Informante:✓ Elke lid van die gemeenskap is die polisie se oë en ore. Hierdie mense moet as informante gewerf word. Die korrekte prosedures moet gevolg word.✓
- Monitering:✓ die diepgaande waarneming van 'n verdagte. Die polisie kan 'n waarnemingspunt vestig wat die insameling van inligting moontlik sal maak. Die gebruik van toerusting (kamera, verkyker, luistertoestelle) kan die polisie help om inligting te bekom.✓
- Koverte tegnieke:✓ In sekere omstandighede kan die polisie ook koverte tegnieke gebruik om inligting te bekom.✓
- Dataontleding: ontleding van inligting en inligting voorhande, byvoorbeeld saakdossiere, verklarings en insette deur kundiges moet gebruik word.✓
- Interpol: Suid-Afrika is 'n lid van Interpol. Lidmaatskap gee aan Suid-Afrika toegang tot waardevolle internasionale inligting. Suid-Afrika kan ook inligting oor buitelandse burgers aanvra.✓
- SASPHSO ('SARPCCO'): Suid-Afrika is 'n lid van die Suid-Afrikaanse Streekspolisiehoofde-samewerkingsorganisasie. Lidmaatskap gee aan Suid-Afrika toegang tot waardevolle streeksinligting.✓ (10 × 1) (10)

8.2
- Alle inligting en inligtingsbronne moet geassesseer, geëvalueer of ontleed word.
- Die gesamentlike gebruikmaking van die metodes is 'n holistiese proses waarvolgens baie skakels vasgestel kan word.
- Inligting het verskillende bronne, byvoorbeeld inligting in saakdossiere of ander polisiedokumente of wat van informante bekom is.
- Informante kan vals inligting verskaf met die doel om finansieel beloon te word of omdat hulle nie van iemand hou nie.
- Dus moet alle inligting vergelyk word met ander inligting wat reeds in die polisie se besit is.
- Die betroubaarheid van inligting moet voortdurend geassesseer word aangesien misleidende inligting negatiewe gevolge inhou.
- Inligting verskaf 'n oorsig oor misdaadsituasies wat die polisie help om verbande tussen inligting waar te neem of ooreenkomste tussen situasies op te let.
- Intelligensie kan misdaadpatrone aan die lig bring – wat waar gebeur.
- Intelligensie kan misdaadtendense verskaf – watter tipe misdaad die meeste plaasvind en waarom.
- Die polisie kan ook misdaadbedreiging-ontleding bekom; dit is 'n oorsig oor misdaad in 'n spesifieke gebied en op 'n spesifieke tyd.
- Strategiese ontleding verwys na die monitering van misdaadtendense ten opsigte van tyd en geografiese ligging. Dit is toekomsgerig en word vir langtermynbeplanning en die toewysing van hulpbronne gebruik.
- Operasionele ontleding is gerig op onmiddellike misdaadprobleme en handelinge om dit te hanteer. (5 × 1) **(5)**

8.3 Gemagtig om:

- Buitelandse militêre intelligensie in te samel, te korreleer, te evalueer en te gebruik en sodanige intelligensie wat met nasionale strategiese intelligensie verband hou aan die Nasionale Intelligensiekoördinerings-komitee (NIKOK) te voorsien.✓
- Plaaslike militêre intelligensie, uitsluitend koverte insameling, in te samel, te korreleer, te evalueer en te gebruik en sodanige intelligensie aan NIKOK te voorsien.✓

Verbied om:

- Intelligensie van 'n niemilitêre aard op 'n koverte manier in te samel.✓
- Plaaslike militêre intelligensie op 'n koverte manier in te samel, tensy daartoe gemagtig deur NIKOK, onderhewig aan spesifieke geografiese gebiede en tydskale.✓ (5 × 1) (5)

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL: 100

Kopiereg voorbehou